Tekste: Matteus 28: 1-10; 16-20 (1983); Lukas 11:28 (1983); Numeri 6: 24-26 (1983).
Fokus teks: Matteus 28: 18-20 (1983).
Liedere: Gesang 266; VONKK 2: 1-2; Gesang 231: 1-3; Gesang 335: 1-2.

AANKONDIGINGS:

KLOK:

Kom ons raak intensioneel bewus van die teenwoordigheid van God.

TOETREDE:

Ons begin ons trede vandag met ‘n gebed. Ons sing die gebed, gesang 266 ~ Ons Vader wat woon in die hemel.

VOTUM:

Die wat op die Here vertrou, is soos Sionsberg wat nie wankel nie en altyd bly staan. Soos die berge Jerusalem aan alle kante beskerm, so beskerm die Here sy volk.

SEËN:

Geliefdes; genade en vrede vir ons van God ons Vader, van Jesus Christus die Here en van die Heilige Gees.

SANG:

Tekste: Matteus 28: 1-10; 16-20 (1983); Lukas 11:28 (1983); Numeri 6: 24-26 (1983).
Fokus teks: Matteus 28: 18-20 (1983).
Liedere: Gesang 266; VONKK 2: 1-2; Gesang 231: 1-3; Gesang 335: 1-2.

Vandag gaan soek ons na ‘n lofprysing in die VONKK bundel. VONKK 2 sê: Kom juig oor God, sing almal saam! Kom, alle mense, roem sy Naam!

GELOOFSGETUIENIS:

God roep ons op tot getuienis. Jesus se opstanding en oorwinning oor die dood is ‘n Goddelike magsdaad. Dit is wat ek en jy moet getuig: Jesus leef! Dit beteken dat ons sal leef uit die inhoud van hierdie getuienis. Wanneer ons dit reg verstaan en uitleef, kan dit nie anders as dat ons geloof sal uitloop op die verkondiging van die evangelie (die Blye Boodskap). Geloof in die opgestane Jesus beteken om getuie te wees van die opstanding ~ Gaan dan heen en verkondig dit.

TEKS: Matteus 28: 1-10

[1]Na die sabbatdag, toe dit die Sondagmôre begin lig word, het Maria Magdalena en die ander Maria na die graf gaan kyk.

[2]Skielik was daar 'n geweldige aardbewing. 'n Engel van die Here het van die hemel af gekom, na die graf toe

gegaan, die klip weggerol en daarop gaan sit. [3]Sy voorkoms was so blink soos weerlig en sy klere so wit soos sneeu. [4]Van skrik vir hom het die wagte gebewe en soos dooies geword. ∞

[5]Toe sê die engel vir die vroue: “Julle moet nie bang wees nie. Ek weet julle soek Jesus wat gekruisig is. [6]Hy is nie hier nie, want Hy is uit die dood opgewek, soos Hy gesê het. Kom nader en kyk: daar is die plek waar Hy gelê het. [7]Gaan gou en sê vir sy dissipels: ‘Hy is uit die dood opgewek, en Hy gaan julle vooruit na Galilea toe. Daar sal julle Hom sien.’ Dit is wat ek vir julle moes sê.” ∞

[8]Hulle het toe haastig van die graf af weggegaan, bang maar baie bly, en hulle het gehardloop om dit aan die dissipels te vertel.

[9]Skielik het Jesus daar voor die vroue gestaan en hulle gegroet. Hulle het nader gekom, sy voete gegryp en Hom aanbid. [10]Toe sê Jesus vir hulle: “Moenie bang wees nie. Gaan sê vir my broers hulle moet na Galilea toe gaan, en daar sal hulle My sien.”

SKULDBELYDENIS EN GENADE:

Tekste: Matteus 28: 1-10; 16-20 (1983); Lukas 11:28 (1983); Numeri 6: 24-26 (1983).
Fokus teks: Matteus 28: 18-20 (1983).
Liedere: Gesang 266; VONKK 2: 1-2; Gesang 231: 1-3; Gesang 335: 1-2.

Gesang 231: 1-3. O dat alle mensetale, alle engel sang, o Heer, saamruis deur die hemelsale in gejubel tot u eer. Eenmaal staan ons voor u troon waar ons eer aan U betoon – sing ons met die engele: Ere! Heilig, heilig, heilig Here!. Gesang 231: 1-3.

SKRIFLESING:

Ons begin hierdie nuwe jaar met hernude ywer. Ons wil ook in die kategese onderrig van ons kinders alles insit. Kategese is die gemeente se manier om ouers se hande, met die opvoeding van hulle kinders, vas te hou. Met die kategese berei ons kinders van die Here voor vir die wêreld waarin hulle geestelik moet oorleef. Vandag se preek gaan oor hoofstuk 7 van die Belydenis groep se boekie; So maak gelowiges. Die groot opdrag.

Ek nooi ook die ander kategete om met my in gesprek te tree as julle voel ek moet een van julle klassies se lesse in ‘n preek hanteer.

Tekste: Matteus 28: 1-10; 16-20 (1983); Lukas 11:28 (1983); Numeri 6: 24-26 (1983).
Fokus teks: Matteus 28: 18-20 (1983).
Liedere: Gesang 266; VONKK 2: 1-2; Gesang 231: 1-3; Gesang 335: 1-2.

In die Bybel word in Matteus 28: 18-20, Markus 16: 14-18, Lukas 24: 36-49 , Johannes 20: 19-23 en Handelinge 1: 8 vertel dat Jesus vir ‘n laaste keer aan sy dissipels verskyn het voordat Hy terug is hemel toe. Tydens hierdie ontmoeting het Jesus aan sy dissipels ‘n opdrag gegee waarmee hulle en gelowiges na hulle besig moet wees totdat die wederkoms aanbreek. Hierdie opdrag van Jesus is vandag nog vir die kerk (ons gemeente, vir my en jou) uiters belangrik, en daarom noem ons dit die groot opdrag.

Matteus 28:26-20

(Mark. 16:14-18; Luk. 24:36-49; Joh. 20:19-23; vgl. Hand. 1:6-8)
16 Die elf dissipels het na Galilea toe gegaan na die berg
waarheen Jesus hulle beveel het om te gaan. 17 Toe hulle
Hom sien, het hulle Hom aanbid, hoewel party getwyfel
het. 18 Jesus kom toe nader en sê vir hulle: “Aan My is alle
mag gegee in die hemel en op die aarde. 19 Gaan dan na
al die nasies(1) toe en maak die mense my dissipels(2):
doop hulle(3) in die Naam van die Vader en die Seun en
die Heilige Gees, en 20 leer hulle(4) om alles te onderhou

Tekste: Matteus 28: 1-10; 16-20 (1983); Lukas 11:28 (1983); Numeri 6: 24-26 (1983).
Fokus teks: Matteus 28: 18-20 (1983).
Liedere: Gesang 266; VONKK 2: 1-2; Gesang 231: 1-3; Gesang 335: 1-2.

wat Ek julle beveel het. En onthou(5): Ek is by julle al die dae tot die voleinding van die wêreld."

Bevoorreg is hulle wat die woord van God hoor en daaruit leef (Lukas 11:28).

GEBED:

PREEK:

Hierdie bekende teksgedeelte het vir jare in die Hervormde Kerk as die sending teks bekend gestaan. Natuurlik 'n verskraling van die inhoud en betekenis van die teks. Jesus se laaste opdrag aan sy dissipels was tegelyk 'n opdrag aan elke volgeling ... So maak gelowiges!

Dominee; hoe moet ek as Christen elke dag lewe? So maak mens: Gaan na alles nasies toe / maak hulle My dissipels / Doop hulle / Leer hulle / Onthou. Hierdie opdragte van Jesus moet nie maar net projekte wees wat ons van tyd tot tyd aanpak en dan afmerk nie. Dit moet 'n

Tekste: Matteus 28: 1-10; 16-20 (1983); Lukas 11:28 (1983); Numeri 6: 24-26 (1983).
Fokus teks: Matteus 28: 18-20 (1983).
Liedere: Gesang 266; VONKK 2: 1-2; Gesang 231: 1-3; Gesang 335: 1-2.

lewenswyse word ~ so lyk ‘n Christen gelowige / so leef ‘n Christen gelowige.

Jesus het met ander woorde vir die dissipels (vir my en jou) ‘n plan gegee waarmee hulle (ons) die nuwe verhouding tussen God en sy kinders aan die wêreld moet gaan verkondig (wys). Die groot opdrag is vandag vir die kerk van Christus (Zuurfontein Gemeente) nog net so uiters belangrik as destyds. Daarom moet hierdie GROOT OPDRAG vandag steeds vorm gee aan die bediening van alle Christelike gemeentes. Kom ons kyk na die vyf opdragte en wat dit beteken:

Gaan na alle nasies ...
Ons hoor dadelik in hierdie opdrag ‘n woordjie uitstaan: GAAN!. Nie kom in, sluit toe, bly binne nie ... GAAN! As ons elke Sondag hierheen kom en ons kuier mekaar warm en ons drink die Woord van God in, maar ons GAAN nie by die deure van hierdie kerkgebou uit en vertel vir die wêreld van God nie ... is ons nie kerk nie, is ons bloot ‘n geestelike klub.

Tekste: Matteus 28: 1-10; 16-20 (1983); Lukas 11:28 (1983); Numeri 6: 24-26 (1983).
Fokus teks: Matteus 28: 18-20 (1983).
Liedere: Gesang 266; VONKK 2: 1-2; Gesang 231: 1-3; Gesang 335: 1-2.

Hulle moes GAAN ... ons moet GAAN. Die dissipels moes met die boodskap van Jesus na al die nasies GAAN. Hulle moes in Jerusalem begin, dan Judea, dan Samaria en tot aan die uithoeke van die aarde. Hulle durf nie die evangelie van Jesus Christus vir hulself te hou nie. Jesus stuur hulle nie net na die Jode toe nie, maar na alle volke en alle nasies.

Die kerk van Christus kan so maklik ophou GAAN., en gevolglik stagneer, deur net met die dinge van hulle eie gemeente besig te wees. Ons moet onthou dat Jesus ons stuur na die wêreld toe om te gaan getuig van die genade en liefde van God, daar waar die wêreld leef en woon.

Ons moet gaan en met ons dade getuig. Dit sal nie veel help om met die Bybel onder die arm op die skoolgronde of in die kantore te loop en preek nie. Ons moet die evangelie gaan wys! Iemand het eendag gesê ons moet oral en altyd die evangelie van God aan almal verkondig, en as dit nodig is woorde gebruik.

Tekste: Matteus 28: 1-10; 16-20 (1983); Lukas 11:28 (1983); Numeri 6: 24-26 (1983).
Fokus teks: Matteus 28: 18-20 (1983).
Liedere: Gesang 266; VONKK 2: 1-2; Gesang 231: 1-3; Gesang 335: 1-2.

Maak dissipels ...

Die woordjie dissipel beteken leerling. Jesus het elkeen van sy twaalf dissipels gekies, geroep, opgelei en nou stuur Hy hulle. Daar is natuurlik met hierdie opdrag net elf dissipels oor. Judas Iskariot het Jesus uitgelewer om gekruis te word en toe as gevolg van sy skuldgevoel selfmoord gepleeg.

Die dissipels het vir ongeveer drie jaar in diens opleiding van Jesus self ontvang. Daar kan geen beter toerusting en voorbereiding gewees het nie. Die dissipels moet nou apostels word (gestuurdes).

Jesus se opdrag beteken hierdie dissipels van Jesus moet ook nou uitgaan en ander mense op die pad van volgelingskap bring. Hulle moet gaan en vir die ander mense vertel van Jesus se lewe, dood, opstanding en hemelvaart sodat die ander mense weer kan gaan en vir ander daarvan vertel.

Tekste: Matteus 28: 1-10; 16-20 (1983); Lukas 11:28 (1983); Numeri 6: 24-26 (1983).
Fokus teks: Matteus 28: 18-20 (1983).
Liedere: Gesang 266; VONKK 2: 1-2; Gesang 231: 1-3; Gesang 335: 1-2.

Om dissipels te maak, hou baie meer in as om mense, wat kerk toe kom, ‘n kursus te laat doen. Ons moet in beweging kom na die wêreld daarbuite.

Doop hulle ...
Jesus het die doop ingestel as teken daarvan dat God sy kinders in genade aanneem, al het hulle ‘n sondige natuur en agtergrond. Die doop vier die voorreg om deur God verlos te wees en vrygespreek te wees van die straf van sonde.

Dit is duidelik dat hier nie klem gelê word op die ouderdom wat ‘n mens moet bereik ten einde gedoop te wees nie. Daar is ook geen melding daarvan dat die doop met min of baie water moet gebeur nie.

Al wat duidelik in Jesus se GROOT opdrag aan die dissipels is, is dat hulle moet doop in die naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees ~ die drie-enige God. God sorg vir die dopeling as Vader, Hy skenk

vergifnis en genade deur Jesus Christus, en Hy is elke oomblik teenwoordig as die Heilige Gees.

Leer hulle...

Jesus het tydens sy aardse lewe baie gespreek, gelykenisse vertel, gesprekke gevoer, antwoorde gegee op moeilike vrae, en gepraat oor die Koninkryk van God. Jesus het met ander woorde met sy hele menswees mense geleer en nou is sy opdrag dat die dissipels hierdie onderrig (opvoedings) taak moet voortsit.

Net vir bietjie agtergrond: volgens gebruik kon ‘n Jood van daardie tyd nie as leermeester (rabbi) optree voor sy dertigste verjaarsdag nie. Jesus was dertig jaar oud toe Hy sy dissipels geroep het en hulle begin leer het. Dit het Hy vir ongeveer drie jaar gedoen, tot hy gevange geneem is, gekruisig is en begrawe is. Met die almag van God het Hy ook uit die dood opgestaan. Die sondemag van ons skouers afgeneem.

Tekste: Matteus 28: 1-10; 16-20 (1983); Lukas 11:28 (1983); Numeri 6: 24-26 (1983).
Fokus teks: Matteus 28: 18-20 (1983).
Liedere: Gesang 266; VONKK 2: 1-2; Gesang 231: 1-3; Gesang 335: 1-2.

Vandag het gelowiges die voorreg om Bybels te mag hê. Daarin word ons geleer wat Jesus gedoen het, wat Hy geleer het, wat Hy gepreek het, en wat Hy alles gedoen het. Ongelukkig sal ons niks leer as ons nie ons Bybels oopmaak nie. Om nie jou Bybel oop te maak nie is om jou rug te draai op God se GROOT opdrag ... leer hulle.

Om ons kinders eredienste toe te bring = gehoorsaamheid aan God se GROOT opdrag: leer hulle. Om ons kinders Sondagskool toe te bring + gehoorsaamheid aan God se GROOT opdrag: leer hulle. Ongelukkig is die teenoorgestelde ook waar. As ek nie my kinders na die eredienste toe bring nie en my kinders nie Sondagskool toe bring nie, draai ek my rug op God se GROOT opdrag: leer hulle!

Onthou ...

Jesus se dissipels was oog getuies van die grootste gebeurtenisse in die geskiedenis van die wêreld. Hulle het Jesus gesien en beleef, hulle het gesien en beleef hoe Jesus aan die kruis gesterf het, hulle het gesien en

beleef hoe Hy uit die dood opgestaan het, en hulle het gesien en beleef hoe Jesus weer na die hemel toe opgevaar het. Vir hulle sê Jesus: onthou wat julle gesien en beleef het, moet dit nooit ooit vergeet nie.

Vandag is die Kerk van die Here (ek en jy) getuies van God. Ons moet dit onthou en nooit ooit vergeet nie. Daarom is dit belangrik dat ons die gebeure sal vier, sodat ons dit sal onthou. Ons moet Kersfees vier, want so onthou ons die betekenis daarvan. Ons moet Goeie Vrydag vier, want so onthou ons die ongelooflike betekenis van Jesus se kruisdood. Ons moet Paassondag vier, want so onthou ons die wonder van Jesus se opstanding uit die dood. Ons moet Hemelvaart vier, want so onthou ons dat Jesus ons vooruit gegaan het om vir ons plek voor te berei. Ons vier Pinkster, want so onthou ons dat God die Heilige Gees oor ons uitgestort het.

Ons praat met ons kinders oor God, en so onthou ons wat dit beteken om ‘n volgeling van God te wees.

Tekste: Matteus 28: 1-10; 16-20 (1983); Lukas 11:28 (1983); Numeri 6: 24-26 (1983).
Fokus teks: Matteus 28: 18-20 (1983).
Liedere: Gesang 266; VONKK 2: 1-2; Gesang 231: 1-3; Gesang 335: 1-2.

Jesus se groot opdrag:

Gaan na al die nasies toe ...

Maak dissipels ...

Doop hulle ...

Leer hulle ...

Onthou ...

Amen.

SEËNGROET:

Die Here sal ons seën en ons beskerm; die Here sal tot ons redding verskyn en ons genadig wees; die Here sal ons gebede verhoor en aan ons vrede gee (Numeri 6: 24-26 ~ Aäronitiese seën).

WEGSENDING:

Ons sluit af met ‘n Kersfees en Epifanie lied, Gesang 335: 1-2. Die Heiland is gebore – ons is nie meer verlore! Gesang 335: 1-2